

Die vis en die hoender se troue



Siyasanga Madyibi Madoda Ndlakuse Vuyisa Ngqawani

Die vis en die hoender se troue

Hierdie boek behoort aan







Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.

Die vis en die hoender se troue

Illustrated by Siyasanga Madyibi

Written by Madoda Ndlakuse

Designed by Vuyisa Ngqawani

Edited by Linda Nelani

Translated by Nal'ibali

with the help of the Book Dash participants in Grahamstown on 12 November 2016.

ISBN: 978-1-928377-90-0

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.

No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.

No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

Die vis en die hoender se troue



Siyasanga Madyibi Madoda Ndlakuse Vuyisa Ngqawani

Daar was eendag 'n hoender met die naam
Cikizwa, en sy was 'n weeskind.

Op 'n dag, terwyl Cikizwa buite kos soek, sien sy
'n mol uit sy gat kruip. Sy begin met die mol praat,
maar hy ignoreer haar.




Cikizwa huil bitterlik en die trane stroom teen haar wange af, en daarom vra die mol om verskoning omdat hy haar gevoelens seergemaak het.



Toe gaan koop die mol koeldrank en botterbroodjies. Hulle eet en drink dit saam en toe voel albei baie gelukkiger.




Van daardie dag af is Cikizwa en die mol groot vriende. Hulle gee mekaar dikwels stywe drukkies. Hulle is lief vir mekaar en sorg vir mekaar.



Een aand groet Cikizwa haar vriend
en gaan huis toe.


Daardie aand droom Cikizwa dat sy haar ma se
stem hoor vra: “Wanneer gaan Cikizwa trou?”
“O, ek moes gedroom het,” sê Cikizwa toe sy
wakker word.




Nou, op die plek waar Cikizwa gewoon het, het
daar ook 'n nare olifant gewoon.



Olifant het dikwels baie onvriendelike dinge vir Cikirwa gesê en haar ongelukkig gemaak. Een oggend, toe Cikirwa vir Olifant groet, jak hy haar af en sê: “Ha, ha, ha! Gaan weg, jou weeskind! Wat wil jy van my hê? Jy’s so maer. Dit lyk of jy nie genoeg mielies het om te eet nie!” Cikirwa voel baie hartseer.



Op pad huis toe, ontmoet sy vir Gusha Bhoqo.
Toe sy die gawe skaap gewaar, stort sy haar hart
teenoor hom uit. Sy vertel hom wat Olifant vir haar
gesê het.



Gusha troos haar en hy kry dit selfs reg om haar
effens te laat glimlag. Toe nooi Gusha vir Cikizwa
om by sy huis te kom aandete eet. Hulle eet
heerlike stampmielies en bone vir aandete. Na ete
dans Cikizwa heerlik met die Gushafamilie terwyl
die musiek speel. Sy dans dat die stof so staan en
sy vergeet van al haar probleme!



Die volgende dag reën dit sonder ophou.
Dit reën so baie dat baie diere deur die rivier daar
naby weggesleur word. Cikizwa is veilig in haar
klein hokkie, want haar pa was slim genoeg om
'n sloot daar naby te graawe sodat die hokkie nie
oorstroom nie.



Maar Cikizwa voel baie hartseer oor wat met van haar vriende gebeur het.

Toe die reën ophou, maak pragtige, kleurvolle blomme hul verskyning en 'n koel windjie waai. Cikizwa is besig om die sonskyn buite te geniet toe sy vir Olifant sien aankom. Hy hinkepink en huil hard. Die goehartige Cikizwa laat kom gou 'n ambulans.



Toe die ambulans daar aankom, kry Olifant die hulp wat hy nodig het. Sy been word verbind en hy kry 'n inspuiting vir die pyn. Toe Olifant begin beter voel, sê hy vir Cikizwa dankie dat sy so gaaf was.

Toe sê hy: “Cikizwa, my kind, moet nooit verander nie. Hou aan om almal te respekteer en lief te hê.”



'n Rukkie later gaan Cikizwa rivier toe om haarself te geniet. Daar is reeds 'n paar mense en diere daar. Party van hulle vang vis en braai dan die vis wat hulle gevang het. Hulle eet die vis saam met donsige, varsgebakte roosterkoek. Cikizwa sien 'n pragtige vis, en vind uit dat sy naam Gumbi is.



Gumbi en Cikizwa leer mekaar ken en sommer gou word hulle vriende. Cikizwa besluit selfs om uit respek vir Gumbi nie meer vis te eet nie.

Van die ander diere lag vir hulle en sê: "Hoe kan 'n vis en 'n hoender vriende wees?"



Maar Gumbi en Cikizwa steur hulle nie daaraan nie. Hulle word selfs hegter vriende. Gumbi leer vir Cikizwa hoe om te swem en te duik, en Cikizwa leer vir Gumbi hoe om in die sand te skrop op soek na kos.

Uiteindelik vra Gumbi vir Cikizwa om met hom te trou. Cikizwa stem dadelik in. Saam besluit hulle om hul troue die volgende Saterdag te hou by 'n plek waarvan hulle albei baie hou naby die rivier.



Hulle troudag breek aan. Die son bak neer.
Wat 'n wonderlike troue is dit nie!

Die dierekoor sing pragtig. Iguanas, walvisse,
krokodille, robbe, haaie, dolfyne, skape, beeste,
honde, wildsbokke, hase, ystervarke, waterslange
en ander diere sing almal saam:

“Ons het baie pret hier by die vis se troue.
Ons het baie pret hier by die hoender se troue!”





